

---

## Wat is akademiese geletterdheid?

---

Akademiese geletterdheid verwys na die vermoë om tekste suksesvol te navigeer, verstaan, interpreteer en produseer in die akademiese omgewing. Ongeag hul studierigting, sal daar van studente verwag word om akademiese tekste te lees en te begryp en om hul begrip te bewys deur inligting in die vorm van opstelle, werksopdragte, eksamenvrae en verslae te lewer om 'n graad suksesvol te voltooi.

Die meeste studente staar talle uitdagings in die gesig wanneer hulle van skool na universiteit oorgaan en is dalk nie bewus van die eise van hoër onderwys in terme van werklading en onafhanklike leer nie, of hulle mag akademiese ondervoorbereid wees. Navorsing toon dat studente se swak prestasie op universiteit dikwels verband hou met hul gebrek aan akademiese geletterdheidsvermoëns.

Om studente te ondersteun in die aanleer van hierdie akademiese geletterdheidsvermoëns, bied die NWU twee modules in akademiese geletterdheid op eerstejaarsvlak aan: Akademiese-Geletterdheidsontwikkeling in Engels (ALDE 111) of Akademiese-Geletterdheidsontwikkeling in Afrikaans (ALDA 111), wat in die eerste semester aangebied word, en ALDE 122 of ALDA 122 wat in die tweede semester aangebied word. ALLE voorgraadse studente wat vir die eerste keer by die Noordwes-Universiteit registreer, moet vir hierdie akademiese geletterdheidsmodules registreer. Studente moet hierdie modules slaag voordat hulle kan graduateer. Vir meer inligting, besoek asseblief die [webwerf](#).

### Wie moet die modules in Akademiese Geletterdheid voltooi?

Alle voorgraadse studente wat vir die eerste keer by die Noordwes-Universiteit registreer, word vereis om die twee modules in akademiese geletterdheid te voltooi. Studente moet hierdie modules slaag voordat hulle kan graduateer.

### Wat behels ALDE/ALDA 111?

ALDE/ALDA 111 is 'n inleidende module vir die ontwikkeling van akademiese-geletterdheidsvermoëns in die universiteitskonteks. Die fokus is hoofsaaklik op toegang tot inligting (die lees en begrip van akademiese tekste). Hierdie module word slegs in die eerste semester aangebied. ALDE/ALDA 111 is 'n voorvereiste vir ALDE/ALDA 112/122. Om ALDE/ALDA 111 te slaag, moet 'n student een van twee dinge doen:

1. Die student moet 'n modulepunt van minstens 50% vir ALDE/ALDA 111 behaal.
2. Die student moet 'n telling in 'n vaardigheidstoets (bekend as die TALL/TAG-toets) behaal wat aandui dat die student nie risiko in terme van akademiese-geletterdheidsvermoëns toon nie. Indien die student so 'n telling vir die toets behaal, kan hy/sy erkenning kry vir die ALDE/ALDA 111-module, tensy die fakulteit waarin die student geregistreer is van die student vereis om die ALDE/ALDA 111-module te voltooi, ongeag die toetstelling.

Ongeag hul vaardigheidstoetstelling, is ALDE/ALDA 111 **verpligtend** vir **ALLE** studente in die fakulteit **Regte** en **MEESTE** studente in die **fakulteit Natuurwetenskappe**, aangesien dit deel van hul kurrikulum vorm. Studente wat vir die volgende programme binne die Fakulteit Natuurwetenskappe ingeskryf is, word nie vereis om ALDE/ALDA 111 te voltooi nie, indien hulle 'n telling vir die vaardigheidstoets behaal wat aandui dat hulle nie in gevaar is nie:

- Kwantitatiewe risikobestuur (2FT H01 N301P en N301V)
- Finansiële Wiskunde (2FR H01 N301P en N301V)
- Data-ontginning (2FS G01 N301P en N301V)
- Aktuariële Wetenskappe (2FQ H01 N301P)
- Inligtingstegnologie (2DX H01 N302P en N302V)
- Stads- en Streekbeplanning (2FE K01 N401P)

## **Wat behels ALDE/ALDA 122?**

ALDE/ALDA 122 is 'n gevorderde module in akademiese-geletterdheidsvaardighede wat in die tweede semester aangebied word. Dit is 'n verpligte, kredietdraende module vir alle studente (beide kampus- en afstandgebaseerd) om hul graad suksesvol te voltooi. Die doel van die gevorderde module is om studente te ondersteun in die ontwikkeling van nodige akademiese vermoëns soos toegang tot inligting (lees en verstaan), verwerking van inligting (kritiese evaluering van wat gelees word) en die vervaardiging van inligting (effektief skryf en die indien van werk wat akademies korrek is).

ALDE/ALDA 122 bestaan uit twee verpligte komponente:

- Die klaskomponent vir Akademiese Geletterdheid (ALDE/ALDA 122), en
- 'n Rekenaar- en Inligtinggeletterdheidskomponent (CI-Skills).

'n Student moet beide komponente slaag en 'n gemiddelde modulepunt van minstens 50% behaal om die module te slaag.

## **Wat is ALDE/ALDA 112?**

ALDE/ALDA 112 is identies aan die ALDE/ALDA 122-module, maar word in die eerste semester op die Potchefstroomkampus aangebied. Hierdie module word aangebied aan studente wat vrygestel is van die ALDE/ALDA 111-module. Die doel hiervan is om groot studentegetalle in die tweede semester op die Potchefstroomkampus te hanteer.

## **Wat is die voorvereistes vir ALDE/ALDA 122/112?**

Soos reeds genoem, is ALDE/ALDA 111 die voorvereiste vir ALDE/ALDA 122/112. Meer gedetailleerde bepalings rakende die voorvereistes word hieronder gelys:

'n Student kan voortgaan met ALDE/ALDA 122/112 indien:

- die student die ALDE/ALDA111-module geslaag het;
- die student vrygestel is van ALDE/ALDA 111 nadat hy/sy 'n punt behaal vir die TALL/TAG-toets het wat aandui dat hy/sy nie in gevaar is nie (in die gevalle waar die Fakulteit nie ALDE/ALDA 111 vereis nie);

- die student module-erkenning ontvang het vir ALDE/ALDA 111 gebaseer op 'n module wat suksesvol voltooi is by 'n ander universiteit (versoeke om module-erkenning moet by die vakhoofde vir Akademiese Geletterdheid ingedien word);
- die student op grond van sy/haar ALDE/ALDA 111-modulepunt voorwaardelik toegelaat is om vir ALDE/ALDA 122 te registreer (sien asseblief afdeling hieronder).

## **Wat is voorwaardelike toelating tot ALDE/ALDA 122?**

'n Student wat 'n finale modulepunt tussen 40% en 49% vir ALDE/ALDA 111 behaal, sal voorwaardelike toelating tot ALDE/ALDA 122 verleen word. Die student moet beide komponente (die CI-skills-komponent en Akademiese-Geletterdheidsklaskomponent) voltooi en 'n finale modulepunt van 50% of meer verwerf om hul ALDE/ALDA 111-uitslag tot 'n slaag te kondoneer.

## **Is daar enige ander manier om krediet vir ALDE/ALDA 111 en ALDE/A 122 te ontvang?**

Module-erkenning kan verleen word op grond van erkenning van vorige leer en/of kredietoordrag. Dit sal afhang van die modules en/of die graad wat voltooi is deur die student wat om erkenning aansoek doen.

## **Prosedure vir kredieterkenning vir vorige leer**

Indien 'n student 'n module soortgelyk aan ALDE/ALDA voltooi het terwyl hy/sy by 'n ander instansie studeer het, kan hierdie student erkenning versoek deur 'n studenteversoekvorm (SALA: Registrasie & Studenterekordbestuur) in te vul. Die studenteversoekvorm, amptelike dokumentasie wat aandui dat die module suksesvol geslaag is, die modulekrediete, NKR-vlak en module-uitkomste moet aan die vakleier vir Akademiese Geletterdheid op die toepaslike kampus gestuur word. Vooraf voltooide modules moet ten minste op 'n NKR 5-vlak wees, 12 krediete dra en soortgelyke module-uitkomste hê as die akademiese-geletterdheidsmodules wat deur die NWU aangebied word.

Finale goedkeuring kan in sulke gevalle slegs deur die Skool vir Tale verleen word. Alle navrae moet gestuur word aan:

Mahikeng-kampus: Mej Keabetswe Lekopanye (16876741@nwu.ac.za)

Vanderbijl-kampus: Mev Nicole Schutte (Nicole.Schutte@nwu.ac.za)

Potchefstroomkampus: Dr Mariska Nel (20728395@nwu.ac.za)

## **Wat is die TALL/TAG-vaardigheidstoets?**


TALL/TAG is 'n verpligte vaardigheidstoets. Die afkortings verwys na:

- TALL – Test of Academic Literacy Levels – die vaardigheidstoets geskryf deur ALLE studente wat kies om die Engelse Akademiese-Geletterdheidsmodule te voltooi.
- TAG – Toets van Akademiese Geletterdheidsvlakke – die vaardigheidstoets geskryf deur ALLE studente wat kies om die Afrikaanse Akademiese-Geletterdheidsmodule te voltooi.

Die TALL/TAG is 'n betroubare en geldige metode om studente se akademiese geletterdheidsvlakke te meet en word op nasionale vlak gebruik. Dit is die studente se keuse of hulle die toets in Engels (TALL) of Afrikaans (TAG) wil aflê, maar hulle sal die module(s) moet voltooi in die taal waarin hulle TALL/TAG geskryf het.

Hierdie verpligte akademiese-geletterdheidstoets word kort na die aanvang van die eerste semester geskryf. Hierdie toets bepaal hoe akademies geletterd 'n student is en dien dus as 'n riglyn om te bepaal watter tipe ondersteuning 'n student sal benodig. Elke student het slegs een geleentheid om die toets gedurende hul akademiese loopbaan aan die NWU te skryf. Hulle mag dus nie weer in die daaropvolgende jare aanmeld om getoets te word nie. studente wat albei geleenthede aan die begin van die jaar mis, moet ALDA/E 111 in die eerste semester en ALDA/E 122 in die tweede semester neem.

Alle nodige inligting (tyd, plek, datum en modus van die toets) sal via eFundi met die studente gekommunikeer word. studente sal ook gedetailleerde inligting ontvang oor resultate wat behaal is en die effek van die resultate op die module/modules wat hulle moet voltooi. Die diagram hieronder bevat gedetailleerde inligting oor die TALL/TAG-toets en die impak wat resultate kan hê.



**Neem kennis:** Sedert 2010 neem alle eerstejaars in die Fakulteit Natuurwetenskappe ALDA/E 111 as 'n verpligte deel van hul kurrikulum (ongeach prestasie in die toets). Vir hierdie studente word ALDA/E 111 vir kredietdoeleindes in ag geneem. Die enigste uitsonderings is studente in die volgende programme:

Kwantitatiewe Risikobestuur, Finansiële Wiskunde, Data-ontginning, Aktuariële Wetenskap, Inligtingstechnologie en Stads- en Streekbeplanning. Hierdie uitsonderings is slegs geldig vir studente wat 'n kode vier of vyf in die TAG/TALL-toets ontvang het en op daardie gronde erkenning vir ALDA/E 111 ontvang het.

**Neem kennis:** Alle eerstejaars in die Fakulteit Regsgeleerdheid neem sedert 2018 ALDA/E 111 as 'n verpligte komponent van hul kurrikulum (ongeach prestasie in die toets).

**Neem kennis:** Sedert 2019 word van ingenieurstudente wat die TAG/TALL-toets slaag (d.w.s. 'n kode vier of vyf verwerf) vereis om vir ALDE 112 te registreer. Indien hierdie studente 'n kode een tot drie verwerf, moet hulle vir ALDE 111 registreer in die eerste semester en ALDE 122 in die tweede semester.

Die uitslag van die TAG/TALL-toets kan deur studente in die verkry word deur hierdie skakel te volg: <http://humanities.nwu.ac.za/centre-academic-and-professional-practice/timetablerooster>

## Opsomming

Alle studente moet ALDE/ALDA 122/112 voltooi om te gradueer. Gewoonlik is dit nie 'n kwessie in terme van registrasie nie, want die module is kredietdraend, MAAR daar is voorvereistes vir ALDE/ALDA 122. Met ander woorde, studente moet een van drie dinge doen om vir ALDE/ALDA 122 in te skryf:

1. Die student moet ALDE/ALDA 111 slaag ('n modulepunt van minstens 50% verwerf).
2. Die student moet 'n uitslag in die TALL/TAG-vaardigheidstoets behaal wat aandui dat die student nie risiko in terme van akademiese geletterdheidsvermoëns toon nie. Indien die student so 'n punt vir die toets behaal, kan hy/sy erkenning kry vir die ALDE/ALDA 111-module, mits die spesifieke fakulteit nie bepaal dat ALDE/ALDA 111 'n verpligte module is nie.
3. Die student moet erkenning van vorige leer ontvang na voltooiing van 'n soortgelyke module.

Dit is dus baie belangrik dat ALLE studente vir beide ALDE/ALDA 111 en ALDE/ALDA 122 registreer indien hulle nie reeds outomaties vir hierdie modules geregistreer is nie.

Vrywaring: Alle inligting soos in hierdie dokument verduidelik is ook formeel beskikbaar in die verskillende jaarboeke. Verwys asseblief na die volgende bladsye in verskillende jaarboeke vir Fakulteitspesifieke inligting oor Akademiese-Geletterdheidsmodules.

- Geesteswetenskappe: bl. 11
- Natuurwetenskappe: bl.13
- Teologie: bl. 31
- Onderwys: bl. 6
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: bl. 11
- Regte: bl. 3
- Ingenieurswese: bl. 7
- Gesondheidswetenskappe: bl. 23

## Kontakbesonderhede

### Administrasie

Mahikeng-kampus: [ALDE-MC@nwu.ac.za](mailto:ALDE-MC@nwu.ac.za)

Vanderbijl-kampus: [ALDEA-VC@nwu.ac.za](mailto:ALDEA-VC@nwu.ac.za)

Potchefstroom-kampus: [ALDEA-PC@nwu.ac.za](mailto:ALDEA-PC@nwu.ac.za)

### Vakhoofde

Mahikeng-kampus: Me Keabetswe Lekopanye ([16876741@nwu.ac.za](mailto:16876741@nwu.ac.za))  
Mnr Joel Moletsane ([Joel.Moletsane@nwu.ac.za](mailto:Joel.Moletsane@nwu.ac.za)) – waarnemende vakhoof tot  
Maart

Vanderbijl-kampus: Me Nicole Schutte ([Nicole.Schutte@nwu.ac.za](mailto:Nicole.Schutte@nwu.ac.za))

Potchefstroom-kampus: Dr Mariska Nel ([20728395@nwu.ac.za](mailto:20728395@nwu.ac.za)) (Vakvoorsitter)

***Sien die volgende bladsye vir 'n verkorte registrasieleiding vir studente, asook reëlins met betrekking tot pyplynstudente***

## Verkorte registrasieleiding

### ALDA/E 111

- 1) ALDA/E 111 word net in semester 1 aangebied.
- 2) Studente wat 'n kode 1, 2, 3 of 3G vir die TAG/TALL behaal het, is verplig om vir ALDA/E 111 te registreer (dit sluit Ingenieurswesestudente in).
- 3) Studente aan die Fakulteite Regte en Natuurwetenskappe (met die uitsondering van die programme *Kwantitatiewe Risikobestuur, Finansiële Wiskunde, Data-ontginning, Aktuariële Wetenskap, Inligtingstegnologie en Stads- en Streeksbeplanning*) is verplig om ALDA/E 111 te neem.

### ALDA 112/122 en ALDE 112/122

- 1) ALDE 122 word slegs in die tweede semester aangebied, behalwe vir die Ingenieurswese studente wat 'n kode 4 of 5 in die TALL toets behaal het, moet vir ALDE112 in die eerste semester registreer. ALDA112/122 en ALDE 112/122 is verpligtend vir alle student.

## 10 Pyplynstudente

Daar is sekere reëlins vir pyplynstudente (seniorstudente) wat nog nie AGLA/E 111/121, RINL 111, LEER 111 en/of AFNL116/126 of ENGL116/126 voltooi het nie. Dit is soos volg:

### REGISTRASIE m.b.t. AKADEMIESE GELETTERDHEID

#### SENIORSTUDENTE

Indien seniorstudente die module(s) van kolom A gedruip/geslaag het, waar so aangedui, moet hy/sy die module(s) in kolom B neem of is vrygestel soos aangedui.

A		B	
<b>DRUIP</b>	AFNL 116/126 OF AGLA 111  <b>of</b>  ENGL 116/126 OF AGLE 111	<b>Registreer</b>	ALDA/E 111
<b>DRUIP</b>	LEER 111  <b>of</b>  RINL 111	<b>Registreer</b>	ALDA 112/122 OF ALDE 122  (Selfs al het die student voorheen RINL 111 of LEER 111 geslaag, <u>moet</u> die student <b>al drie komponente</b> van die module voltooi.)
<b>DRUIP</b>	LEER 111  <b>en</b>  RINL 111	<b>Registreer</b>	ALDA 112/122 OF ALDE 122

<b>A</b>		<b>B</b>	
<b>SLAAG</b>	AFNL 116/126 OF AGLA 111  <b>of</b>  ENGL 116/126 OF AGLE 111	<b>Vrygestel van</b>	ALDA/E 111
<b>SLAAG</b>	RINL 111  <b>en</b>  LEER 111	<b>Vrygestel van</b>	ALDA 112/122 OF ALDE 122
<b>SLAAG</b>	AGLA/E 121	<b>Vrygestel van</b>	ALDA 112/122 OF ALDE 122
<b>SLAAG</b>	FIAP 174	<b>Vrygestel van</b>	ALDA/E 112/122

Indien ALDA/E 111 uitstaande is, moet senior studente in die eerste semester daarvoor registreer.

Indien slegs ALDA 112/122 uitstaande is, moet senior studente in die eerste semester vir ALDA 112 registreer. ALDE 122 word slegs in die tweede semester aangebied.

Indien beide ALDA/E 111 en ALDA 112/122 of ALDE 122 uitstaande is, moet senior studente vir ALDA/E 111 in die eerste semester registreer en vir ALDA/E 122 in die tweede semester.

#### **Navrae**

Me. Karien Seymore

L.J. du Plessis Gebou (F4 108A)

x99 1045

e-pos: ALDEA-PC@nwu.ac.za